

28 Oktober

**Skrifgedeelte: Matteus 7:13-14; Psalm 1**

**Fokusgedeelte: Matteus 7:13-14; Psalm 1**

### **Die twee paaie**

Gelowiges is nie stoep- en paviljoensitters nie! Gelowiges is mense onderweg. Hulle is mense op pad soos die Israeliete van Egipte na Kanaän op pad was. So is gelowiges deur al die eeue heen op weg na die eindbestemming, die ewigheid. Daarom is dit vir Christus nodig om in die bergpreek aandag te gee aan die pad, die roete wat die gelowiges moet volg.

Net soos in Psalm 1 wys Jesus Christus op die twee paaie deur die lewe. Eerstens die pad met die nou poort en tweedens die pad met die wye poort. Eenkant is die regverdige pad met die nou poort. Anderkant is die goddelose pad met die breë poort. Die een pad is die weg van die-mens-met-God. Die ander pad is die weg van die-mens-sonder-God. Die nou poort en die wye poort. Die geseënde weg en die vervloekte weg.

Die psalmdigter skryf: "Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang" (Ps. 1:6). Die mense van die nou poort, die gelowiges, en die mense van die wye poort, die ongelowiges, is twee soorte mense wat in die lewe staan. Onvermydelik gaan hulle lewenspaaie uiteen:

- Hulle lewensrigting verskil.
- Hulle lewensuitkyk verskil.
- Hulle lewenspraktyk verskil.
- Hulle lewensdoel verskil.
- Hulle lewensmikpunt verskil.

Die Here het vir die gelowiges 'n onfeilbare rigtingwyser gegee: die Woord van God. In die Woord dui God die rigting aan. Hy wys 'n bepaalde koers aan. Hy lei sy uitverkore kinders na 'n lewe van aksie. Die bergrede word afgesluit deur vier paragrawe waarin telkens onderstreep word dat alleen hulle wat hierdie woorde van Jesus gehoorsaam en doen, die koninkryk van die hemel sal binnegaan:

- Die twee paaie (vs. 13-27).
- Die vals profete (vs. 15-20).
- Hoor en doen (vs. 21-22).
- Die twee fundamente (vs. 24-27).

*Sing: Psalm 1:4 (Totius)*

*Dr. CN van der Merwe (Emeritus)*